


## Sessie 3 | Transformasie



Paulus se bekering was die begin van 'n lang proses van onderskeiding wat sowat veertien jaar later uitgeloop het op 'n reeks bekende sending reise. Briewe wat deur Paulus geskryf en in die Nuwe Testament opgeneem is vertel hoe sy teologiese insigte prakties grond gevat en verandering gebring het. Vandag se sessie gaan dus oor hoe die reformasie (verander/bekering) wat die Here Paulus by uitgebring het hom tot transformasie geïnspireer? Sy insig in God se karakter (teologie) het onverwags 'n nuwe sin van bestaan in hom losgemaak waarna ons as sy 'roeping' verwys. Roeping sou beskryf kan word as 'n wil/oortuiging wat vanuit 'n insig gebore word om in die moeilikste en uitdagendste omstandighede met 'n verskil te lewe. Transformasie is dus die proses waarin die Here ons godsdienstige gedagtes/teologie af grond toe bring. Daarsonder is ons godsdiens volgens Paulus in 1 Korintiërs 13 eenvoudig leeg en sonder betekenis.

- **Kan jy momente in jou lewe herroep waarin 'n insig jou geïnspireer het om dinge anders te doen?**
- **Wat sou dit beteken dat die Here jou in hierdie omstandighede waarin jy jou tans bevind roep?**



Lees in Filippense 3:7-15 asook 2 Korintiërs 11:24-29 in meer besonderhede hoe Paulus se roeping hom te midde van die uitdagendste tye in sy lewe geïnspireer het om 'n betekenisvolle lewe te lei.

In vandag se sessie bring ons by die tweede fase van Paulus se lewe uit wat begin het toe Barnabas hom in Tarsus gaan haal het om saam met hom in die gemeente van Antiogië te bedien en waarvandaan drie van sy sendingreise later vertrek het. Tot op hierdie stadium het al die gebeure in die vroeë kerk in die Joodse konteks van gebiede in Judea, Sirië en Sisilië afgespeel. Met Paulus se roeping om die Evangelie aan heidene te verkondig skuif die fokus na 'n heeltemal ander omgewing en konteks waarvan ons eers kennis moet neem. Die volgende kwessies en realiteite kom reg deur Paulus se briewe ter sprake en help 'n mens tot 'n dieper insig in ou bekende teksgedeeltes.

1. **Die Romeinse ryk.** Soos wat Paulus hy verder van Antiogië reis, bevind hy homself in gebiede waar die Romeinse ryk goed gevestig geraak het en die begrip *Pax Romana* (die Romeinse vrede)




gelowiges se wêreldbeeld sterk beïnvloed het. Die *Pax Romana* was 'n periode van twee honderd jaar tussen die 1ste en 3de eeu voor Christus wat gekenmerk was deur die dominansie en vinnige uitbreiding van die Romeinse ryk (sien kaart). Die era, wat onder keiser Augustus tot stand gekom het, het die "goeie nuus" van vrede en sekuriteit gebring vir almal wat hulleself aan die ideale van hierdie indrukwekkende ryk verbind het. Die spreekwoord, "alle paaie lei na Rome", was as gevolg van die bou van Romeinse paaie wat die weermag in staat gestel het om vinnig na enige plek in die koninkryk te reis om enige vorm van

opstand uit te wis. Dié koninkryk het egter net die belange van mense in die aristokrasie klas gedien en die grootste deel van die bevolking, wat op of onder die broodlyn geleef het, onderdruk. Die konsep van voorspoed en vrede was beliggaam deur die argitektuur van die periode en was veral ook baie sigbaar op die muntstukke wat gebruik is. Die keiser is uitgebeeld as 'n god en is gesien as die "verlosser" van die mense. Die godsdienstige verering van die keiser was deel van die daaglikse roetines van Romeinse burgers. In ruil vir vrede en sekuriteit is daar van burgers verwag om toegewyd aan die keiser en die ideale van die koninkryk te leef (*pietas*). Sien die Romeinse waardes wat regdeur die koninkryk 'n belangrike plek in die samelewing ingeneem het.



## Roman Values

- Discipline
- Strength
- Loyalty
- If you had all these qualities you were said to have the virtue of *gravitas*
- Strength > beauty
- Power > grace
- Usefulness > elegance



Die keiser was geëer as die vader en beskermheer van die koninkryk. Onder hom was daar 'n aristokrasie klas wat as beskermhere (*patrons*) oor die bevolking aangestel is. Agter die prag, praal en sterk waardes van die Romeinse ryk het 'n wrede realiteit verskuil gelê. Paulus se teologie wat die “goeie nuus” van die Evangelie verkondig het (Jesus is die Christus ook vir mense wat nie Jode is nie) het

## Roman Class Structure

- The Roman Class System is broken into 2 different categories...
  - ① Patricians
  - ② Plebeians
- The Patricians are members of the UPPER CLASS
- The Plebeians are members of the LOWER CLASS



die sosiale, politieke, ekonomiese en godsdienstige sentimente van die Romeinse ryk uitgedaag.

2. **Die meer behoudende Joodse faksie van Jesus se navolgers.** Alhoewel daar volgens Handeling 15 'n ooreenkoms was in die vroeë kerk dat die dissipels voortaan die Joodse gelowiges en Paulus die nie-Joodse gelowiges sou bedien, het Paulus hy keer op keer met lede van 'n meer behoudende Joodse faksie gebots. Volgens hulle was Paulus nie 'n legitieme leier nie en het hy 'n dwaalleer verkondig. Volgens hulle moes navolgers van Jesus steeds getrou bly aan die Joodse wet en godsdienstige tradisies. Paulus het hom baie sterk hierteen uitgespreek (Galasiërs en Filippense).
  
3. **'n Groep gelowiges wat Jesus se boodskap vergeestelik het.** 'n Groep gelowiges in die vroeë kerk wie se sosiale aansien gegroei het, het onder leiding van 'n paar charismatiese leiers die Evangelie van Christus vergeestelik. Volgens hulle het die Heilige Gees aan sommige 'n dieper kennis as gawe gegee wat hulle op 'n hoër geestelike vlak as ander (die gemiddelde) gelowiges geplaas het. Die groep het veral ook aansluiting gevind by die Joodse mistisisme wat hulle insigte deur ekstatische geestelike belewings verkry het (Korintiërs). Ons lees van 'n dinamiese prediker met die naam Appolos wat op grond van die doop van Johannes die Doper geglo het dat gelowiges met hulle eie doop fisies getransformeer word tot hoër geestelike wesens. Hierdie gedagte was baie aantreklik vir die deel van die bevolking wat bo hulle moeilike omstandighede wou uitstyg.

### **Paulus se teologie van gelykheid**

Paulus se briewe het destydse politieke, ekonomiese, sosiale en godsdienstige konvensies uitgedaag. Die wese daarvan was 'n geloof gemeenskap (*kerk/ekklesia*) wat anders binne bestaande politieke en sosiale konvensies geleef het. Paulus het dit gegrond op Jesus wat as Messias gely, gesterf en uit die dood opgestaan het. Ons moet verder onthou dat die grootste deel van die Christendom in daardie tyd uit die laer klas van die bevolking saamgestel was. Hulle het met die verwagting en hoop geleef dat Jesus as Messias gou sou terugkeer om hulle wêreld te verander.

### **OM OOR NA TE DINK**

- **Wat is die gemeenskaplike ideaal wat ons vandag almal in die een kerk saambind?**
- **Wat sou dit beteken om ons geloof in “een, heilig, algemene, Christelike kerk te bely?**

## Paulus se tweede sending reis (c 49-53 nC)

PASSAGE	CITY VISITED	DATE*
Antioch, Syria	Acts 15:35	Summer A.D. 50
Derbe, Galatia	Acts 16:1-5	Summer A.D. 50
Lystra, Galatia	Acts 16:1-5	Summer A.D. 50
Troas, Asia	Acts 16:7-10	October A.D. 50
Samothrace, Thrace	Acts 16:11	October A.D. 50
Neapolis, Macedonia	Acts 16:11	October A.D. 50
Philippi, Macedonia	Acts 16:12-40	Until December A.D. 50
Amphipolis, Macedonia	Acts 17:1	December A.D. 50
Apollonia, Macedonia	Acts 17:1	December A.D. 50
Thessalonica, Macedonia	Acts 17:1-9	December A.D. 50 - May 51
Berea, Macedonia	Acts 17:10-14	51
Athens, Achaia	Acts 17:15-32	May - July A.D. 51
Corinth, Achaia	Acts 18:1-17	August A.D. 51
Cenchreae, Achaia	Acts 18:18	Sept. A.D. 51 - March 53
Ephesus, Asia	Acts 18:19-21	March A.D. 53
Caesarea, Palestine	Acts 18:22	March A.D. 53
Antioch, Syria	Acts 18:22	March A.D. 53

\* William M. Ramsay, *St. Paul The Traveller and Roman Citizen*, Kergel, 2001, p. 303.



## **Paulus se brief aan die Galasiërs en Filippense**

Paulus reis saam met Silas en Timoteus na gelowiges in die Romeinse provinsie van Galasië. Paulus spreek hom uit oor die uitlatings van 'n Joodse groep gelowiges wat in die gebied van Galasië verkondig dat Christene Joodse wette en gebruike moet nakom.

- Gal. 1. Paulus moet sy gesag as apostel verdedig en vertel kortliks die gemeente die storie van sy unieke roeping en sy ooreenkoms met die moedergemeente in Jerusalem.
- Gal. 3-4. Paulus was as Fariseërs goed onderleg in die Ou Testament en probeer om deur die verhaal van Abraham perspektief te gee dat mense wat nie Jode is nie ook kinders van Abraham is.
- Gal. 5-6. Wat is dus werklik nou van belang vir hulle lewens? In die plek van die Joodse wet lê Paulus baie sterk klem op die Heilige Gees wat ons gedrag verander en eienskappe wat mense nader aan mekaar bring.

Rondom 50 nC het Paulus na Filippi gereis waar hy die kultus om die keiser as 'n god te vereer baie prominent was.

- Net soos in Galasië was Paulus baie bekommerd oor verdeeldheid wat as gevolg van 'n hiërargiese politieke en ekonomiese sisteem in die gemeente posgevat het.
- Let op een van die oudste Christelike himnes in Fil. 2:5-11. Die beeld van Christus se heerskappy was bedoel as 'n kommentaar op wyse waarop die keiser as god vereer is.

## **Paulus se brief aan die gemeente in Korinte**

In die jaar 50 nC het Paulus in die stad Korinte gearriveer.

- Hier het hy sterk onder die indruk gekom van strukturele geweld van die Romeinse beskermheer sisteem waaraan gelowiges onderwerp was.
- Appolos se prediking en teologie het die kerk verder verdeel en iewers het Petrus ook die gemeente besoek met 'n alternatiewe boodskap. Die gemeente was dus verdeel tussen drie sterk godsdienstige leiers.



- 1 Kor. 11:17-34 gee ons 'n goeie idee van sosiale ongelykheid binne die gemeente en dit bou op tot die radikale teksgedeelte in 1 Kor. 13.

**Watter perspektiewe maak vandag se sessie by jou los rakende:**

- 1. Hoe die Here ons aanspoor om persoonlik in die midde van politieke, ekonomiese, sosiale en godsdienstige realiteite te leef?**
- 2. Die rol van die kerk as 'n alternatiewe gemeenskap in ons samelewing en ons deelwees daarvan.**
- 3. Om geïnspireer te word deur jou hede om met 'n verskil te leef?**